**Leef jou Roeping – Ontdek jou Gawes kursus: LEIERSGIDS**

(nav Network)

Sessie 1 – "Imagine a Church..."

Sessie 2 – Die doel van Gawes (The purpose of gifts)

Sessie 3 – Ontdek jou Gawes (The discovery of gifts)

Sessie 4 – Die krag van Liefde (The power of love)

Sessie 5 – Die invloed van Passie (The influence of passion)

Sessie 6 – Die belofte van Bediening (The promise of ministry)

**Inleiding – *notas vir leiers***

Die doel van hierdie handleiding is om vir leiers riglyne te gee vir kleingroepgesprekke oor die saak van gawes. Hierdie handleiding word saam met die Network participant guide (deelnemers-handleiding) gebruik. Die veronderstelling is dat elke groeplid 'n deelnemers-handleiding het.
Daar word verwys na 'n dvd, so ver moontlik is dit op youtube beskikbaar en gaan die links daarheen vir ingesluit word in die materiaal. Kyk dit asseblief – omdat dit die gesprek aanhelp.

**Nota 1:** Die bybelstudies na aanleiding van die eerste 2 preke van die reeks fokus baie sterk op God en hoe God is. Die bedoeling daarmee is baie duidelik dat ons nie kan weet wat ons roeping is, as ons nie eers baie mooi verstaan wie is die Een wat ons roep nie. Dit is God wat ons roep. En hierdie God is heilig (wwek 1) en HY werk kragtig (week 2). Ons moet nooit dink dat dit in gawes gaan oor hoe oulik ons is nie, want **dit gaan ten diepste oor God en wie Hy is**.

**Nota 2:** As ons oor gawes begin praat dan is die implikasie duidelik dat dit ten diepste daaroor gaan dat ons gawes kry om daarmee te dien en die liggaam van Christus op te bou – so weer gaan dit nie oor ons nie, **maar oor die liggaam – 1 Kor 12:1-7**

## Sessie 1 – "Imagine a Church..."

**Inleiding**

Ons oortuiging is steeds dat God 'n spesifieke plan het vir elkeen van ons se lewens en met hierdie reeks wil ons poog om ons verstaan van God se plan vir ons lewe verder te ontwikkel. Ons gaan 'n klompie beginsels deurwerk om ons op hierdie pad te help.

**Saambid –** begin die reeks deur saam te bid en die Here te vra om vir ons duidelik op hierdie pad te lei en kragtig in ons lewens te werk. Dank Hom ook vir sy unieke plan met elkeen van die groeplede.

**"Imagine a church..."** (p 18 handleiding) – kyk saam na die volgende clip:
https://www.youtube.com/watch?v=LKt2Pacvjto

- Gesels saam oor wat elkeen getref het in die DVD

**A. Die doel van die Network Reeks** (p 19)

Die doel van Network is om gelowiges te help om vrug te dra en vervulling te ervaar daarvan om deel te wees van 'n gemeente waar elkeen 'n bydra het om te lewer.

**Galasiërs 5:13** – lees dit ook in Afrikaans

- Die woordjie dien is 'n opdrag, bevel – imperatief

***Serving is not optional, it is a matter of OBEDIENCE - gehoorsaamheid***

Die meeste van ons weet dat ons moet dien en sommige wil dine, maar weet ons nie altyd hoe en waar nie.
Hiervoor is dit NB om te ontdek wie en hoe God ons elkeen gemaak het en watter unike bydra elkeen van ons het om te maak.
Voorbeeld van 'n legkaart – dit help om 'n prentjie te hê wat jy as voorbeeld gebruik. Verder help dit om eers die rant-stukkies in plek te kry...

**B. Die Network proses** (dit verduidelik maar net watter proses gevolg gaan word deur die boek)

**Stap 1** – Discovery – ontdekking
**Stap 2** – Coaching – julle gaan saamwerk om te kyk waar pas jou profile in by die gemeente en hoe kan jy betrokke raak
**Stap 3** – Service – diens

**Waarom dien ons?** (p 23-25 **–** volg die deelnemershandleiding DH)

**Hoe dien ons?** (p 26 - volg die deelnemershandleiding DH )
The Servant Profile gaan ons elkeen help om by ons unieke gawes, styl en passie = roeping uit te kom
Drie sake speel 'n belangrike rol hierin, nl
Geestelike Gawes (spiritual gifts) – wys wat doen jy die beste en jy kan dit goed doen
Persoonlike styl (personal style) – wys hoe jy die beste kan dien en gee jou selfvertroue om dit te done;
Bedieningspassie (ministry passion) – wys waar jy die betse dien en sal jou motiveer

**C. Geestelike Gawes** (p 27)

Met hierdie reeks gaan ons prakties kyk na die geestelike gawes. Die doel is om

a. Te leer wat dit is;
b. Te sine hoe God bedoel het dat dit moet werk in en deur sy liggaam, die kerk;
c. Jou unieke gawe te identifiseer

3 waarhede oor Gawes

- Geesteliek gawes is God-gegewe
- Daar is nie reg of verkeerde gawes nie, hulle is net verskillend
- Geestelike gawes antwoord die "What" vraag: Wat moet ek doen as ek dien?

**Opsomming onderaan p 27 NB** en dan word dit stukkie vir stukkie bespreek vanaf p 28-32 (volg die deelnemershandleiding DH)

***Spiritual gifts are special abilities – 1 Kor 12:8-10***

***Spiritual gifts are given by the Holy Spirit***

***Spiritual gifts are distributed to every believer according to God's design and grace – 1 Petrus 4:10, 1 Kor 12:7***

***Spiritual gifts are for the common good (tot voordeel) of the body of Christ - 1 Kor 12:7, 11, 18***

***Uniekheid, eenheid en verskeidenheid***

**Rom 12:6**

Diversity is not division (verskeidenheid is nie verdeeldheid) – **1 Kor 12:20-21, 25-26**

Verskeidenheid is 'n refleksie van wie God is – **1 Kor 12:4-6**

Eenheid is nie eendersheid nie – **1 Kor 12:29-30**
**1 Kor 12:17-20**

Unity is being achieved by having the same purpose...

***Interafhanklikheid***

In watter mate is ons afhanklik van mekaar as dit kom by gawes? - **1 Kor 12:18-27**

**D. Samevatting op p33**

Dit sal goed wees om net 'n bietjie te reflekteer – en laat elke groeplid dalk net sê wat hulle die meeste getref het van die Bybelstudie.

Sluit die byeenkoms af met gebed.